NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

# REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur 100 punte

## INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2020

## VRAAG 1 KONTANTBEGROTINGS (26 punte; 31 minute)

Lwandi besit 'n klein winkeltjie wat boeke verkoop en wat sy "Timeless Read" noem.

**Werklike inkomstestaatsyfers vir Desember 2020**

| | |
|---|---|
| Verkope | 327 600 |
| Koste van verkope | (252 000) |
| Bruto wins | 75 600 |
| Bedryfsuitgawes | (191 961) |
| Salarisse | 46 350 |
| Bemarking | 3 600 |
| Huur | 59 800 |
| Water en elektrisiteit | 9 400 |
| Ander | ? |
| Waardevermindering | 1 680 |
| Korting toegestaan | ? |
| Handelsvoorraadtekort | ? |
| Bedryfswins / (-verlies) | (116 361) |
| Rente-uitgawe | (2 000) |
| Netto wins / (-verlies) | (118 361) |

**Aansuiwerings en bykomende inligting**

1. Desember se verkope het van November af met 4% toegeneem.

2. Timeless Read laat skole en biblioteke toe om boeke op krediet te koop. Krediet-verkope is gelyk aan 40% van alle verkope. Alle ander klante is kontantklante. Daar is geen oninbare skuld nie.
   - Timeless Read verleen 'n korting aan die debiteure wat in dieselfde maand as die verkope betaal.
   - Sommige debiteure betaal in die maand wat op die verkope volg.
   - 15% van debiteure betaal in die tweede maand na die verkope.

3. Timeless Read handhaaf 'n vaste voorraadpeil. Lwandi het ontdek dat byna al haar selfhelpboeke gesteel word. Sy het bereken dat dit neerkom op 'n vyfde van al die maandelikse handelsvoorraad wat sy koop.

4. Alle handelsvoorraad word op krediet gekoop en word betaal in die maand wat op die aankope volg om geregtig te wees op 'n 2%-korting op vroeë betaling.

5. Een van die werknemers het in Desember gevra vir ’n kontantvoorskot van R5 000 op haar Januarie-salaris. Lwandi het hiertoe ingestem.

6. Die bemarkingsuitgawe is vir 'n maandelikse koerantadvertensie van R1 450. Die res is vir maandelikse radioreklame wat vooruit betaal word op 'n kwartaallikse basis (elke drie maande). Die volgende betaling is in Januarie 2021 verskuldig.

IEB Copyright © 2020

**Feite wat Lwandi oor die boekbedryf uitgevind het:**

- Verbruikersboeke (boeke wat mense kies om vir hulself te lees vir die pret) is slegs 5% van die mark, terwyl handboeke 95% van die mark uitmaak.

- Verwagte groei in verkope van verbruikersboeke is 3% p.j., terwyl verwagte groei van elektroniese boeke 57% p.j. is. Die meeste verkope van elektroniese boeke is romans. Daar is byna geen verkope van kinderboeke en feitelike boeke nie.

- Die verbruikersmark in Suid-Afrika is beperk vanweë:
  - relatief hoë ongeletterdheid
  - lae inkomste
  - min boeke wat in Afrika-tale gepubliseer word

IEB Copyright © 2020 

## VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING (40 punte; 48 minute)

**Artikel A:** *Publikasiedatum: 2019-11-20 | Bron: Stephen Gunnion*

Stor-Age Property Limited (Stor-Age) verhuur sluitbare garagetipe eenhede waarin huurders besittings kan stoor. Dit is die grootste selfstoor-eiendomsfonds op die JSE. Sy 50 SA eiendomme is R4,2 biljoen werd, terwyl sy 16 eiendomme in die VK wat onder die Storage King-handelsnaam bedryf word, op R2 biljoen waardeer word.

Na vandeesweek se £13,4m-verkryging van Flexi Store Self Storage in die VK, sê die onderneming sy portefeulje sal tot 71 eiendomme met 'n waarde van R6,4 biljoen toeneem. Die onderneming sê dat lae hefboomfinansiering dit die ruimte gee om meer ontwikkelings- en verkrygingsgeleenthede wat kan opduik, na te streef.

[Bron: <http://www.inceconnect.co.za/article/stor-age-locks-up-a-strong-first-half>]

Aangepas uit die **state van wins of verlies vir die jaar geëindig 31 Maart**

| | 2019 R'000 | 2018 R'000 |
|---|---|---|
| Eiendomsinkomste | 524 351 | 310 177 |
| Ander inkomste | 96 740 | 225 431 |
| Bestuursgelde | 11 065 | 22 053 |
| Billikewaarde-aanpassing van beleggingseiendomme* | 85 675 | 203 378 |
| Bedryfsuitgawes | (193 908) | (122 624) |
| Administrasie-uitgawes | 43 805 | 36 923 |
| Transaksie- en adviesgelde | 357 | 6 552 |
| Oninbare skuld van huurders | 3 230 | 0 |
| Direkte eiendomskoste | 135 837 | 76 917 |
| Waardevermindering | 10 679 | 2 232 |
| Ander items | | |
| Herstrukturering van banklenings | (13 590) | – |
| Winste (verliese) op beleggingsinstrumente | (120 431) | 178 570 |
| Wins voor rente en belasting | 293 162 | 591 554 |
| Rente-inkomste | 48 917 | 23 601 |
| Rente-uitgawe | (81 786) | (33 091) |
| Wins voor belasting | 260 293 | 582 064 |
| Belasting | (2 398) | (3 839) |
| Netto wins vir die jaar | 257 895 | 578 225 |

**Bepalings:**

- *Billikewaarde-aanpassing van beleggingseiendomme. Die beleggingseiendomme word aan die einde van elke verslagtydperk herwaardeer. Veranderinge in billike waarde word as wins of verlies erken soos wat hulle voorkom.
- Beleggingsmaatskappye is maatskappye wat die gepoelde kapitaal van beleggers in aandele of in 'n groep aandele belê.

**Dividendgeskiedenis**

| | 2019 | 2018 |
|---|---|---|
| Finale dividende | 56 sent | 51 sent |
| Tussentydse dividende | 51 sent | 47 sent |

IEB Copyright © 2020

**Verhoudings vir die jaar geëindig 31 Maart**

| | 2019 | 2018 |
|---|---|---|
| Bedryfsuitgawes op eiendomsinkomste | ? | 39,53% |
| Verdienste per aandeel | 80 sent | 250 sent |
| Markaandeleprysgroei | 0% groei | 17% groei |
| NBW | 1 177 sent | 1 158 sent |
| Gemiddelde rentekoers op lenings | 9% p.j. | 9% p.j. |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 6,44% | 13,46% |
| Opbrengs op aandeelhouersekwiteit | 5,58% | 16,55% |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,37 : 1 | 0,23 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,54 : 1 | 0,3 : 1 |
| Bedryfsverhouding | ? | 0,31 : 1 |
| Debiteure-invorderingstydperk | 83 dae | 77 dae |
| Krediteurebetalingstydperk | 90 dae | 90 dae |

Aangepas uit die **state van finansiële posisie soos op 31 Maart**

| | 2019 R'000 | 2018 R'000 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Niebedryfsbates** | 6 644 781 | 4 493 563 |
| **Bedryfsbates** | 384 085 | 90 156 |
| Handels- en ander ontvangbare rekeninge | 119 273 | 65 165 |
| Voorraad | 5 239 | 3 168 |
| Kontant en kontantekwivalente | 259 573 | 21 823 |
| **Totale bates** | 7 028 866 | 4 583 719 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Totale ekwiteit** | 4 624 751 | 3 494 259 |
| Kapitaal | 4 340 445 | 3 091 895 |
| Nie-uitkeerbare reserwes | 490 839 | 523 096 |
| Opgehoopte verlies (Behoue inkomste) | (206 533) | (120 732) |
| **Niebedryfslaste** | 1 706 902 | 801 598 |
| **Bedryfslaste** | 697 213 | 287 862 |
| Banklenings | 248 861 | 16 571 |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | 233 485 | 119 378 |
| Dividende betaalbaar | 214 867 | 151 913 |
| **Totale ekwiteit en laste** | 7 028 866 | 4 583 719 |

**Artikel B:** Aanhaling uit die finansiële state:

Die likiditeitbestuursbenadering is om te verseker dat Stor-Age altyd voldoende likiditeit het om sy verpligtinge na te kom wanneer hulle verskuldig is sonder om die risiko te loop dat die groep se reputasie benadeel word.

Aandeelhouers van Stor-Age sal ten opsigte van hul hele of 'n gedeelte van hul aandeelhouding daarop geregtig wees om die kontantdividend te herbelê in ruil vir Stor-Age-aandele. Die aandeelhouers wat nie die aandele-alternatief kies nie, sal die kontantdividend ontvang.

As 'n relatief jong en groeiende onderneming streef ons daarna om ons korporatiewe bestuurspraktyke uit die aanbevole praktyke wat in King IV uiteengesit word, te ontwikkel.

IEB Copyright © 2020 

**VRAAG 3 VERSOENINGS (34 punte; 41 minute)**

Pablo besit 'n meubelwinkel genaamd The Polka Dot Chair. Die meeste van die meubels wat hy verkoop, is baie duur en dus gee hy sy debiteure 120 dae om te betaal. Sy jaareinde is 30 November.

**Inligting om Vraag 3.1 te beantwoord:** Foute en weglatings is ontdek toe die debiteure-ouderdomsontleding opgestel is:

- 'n Faktuur aan mev. Venter gedateer 29 Oktober vir R27 000 is weggelaat. Sy het gekla dat die een stoel afgesplinter het en dus het Pablo op 1 November 'n kredietnota vir R2 000 aan haar uitgereik op voorwaarde dat sy die stoel hou. Hierdie kredietnota is ook nie opgeteken nie.

- Mnr. Hammer het skuld van R7 700 wat 90 dae uitstaande is en R15 000 wat 60 dae uitstaande is. Hy het op 27 November R10 000 via ’n EFO op sy skuld betaal. Dit is nie opgeteken nie.

- The Polka Dot Chair het ’n kennisgewing van die prokureurs ontvang dat mnr. Birch insolvent verklaar is. Sy enigste aankoop was 'n sitkamerstel vir R18 000 op 17 Julie. Die prokureurs het The Polka Dot Chair laat weet dat hulle in Desember 'n dividend van 15 sent in 'n rand sal ontvang. Die res moet afgeskryf word.

- Rente op rekeninge oor 150+ dae word gehef teen 5% per maand. Toe die rente bereken is, het Pablo dit verkeerdelik bereken teen 3% per maand.

Hieronder is 'n uittreksel uit die finansiële state op 30 November:

| | **2020** | **2019** |
|---|---|---|
| Netto handelsdebiteure | ? | 610 460 |
| Verkope | 1 480 900 | |

**Let wel:** 90% van The Polka Dot Chair se verkope is op krediet.

**Inligting om Vraag 3.4 te beantwoord:**

Baie mense kies om meubels en ander goedere op huurkoop te koop omdat hulle dit nie kan bekostig om hierdie goedere kontant te koop nie. Dit beteken dat hulle 'n kontrak met 'n winkel aangaan wat hulle toelaat om hul goedere huis toe te neem en gelyke maandelikse paaiemente te betaal totdat die bedrag ten volle betaal is.

Wanneer jy op huurkoop koop, is die prys wat vir goedere betaal word hoër as wanneer jy kontant betaal – soms selfs dubbel die kontantprys. Dit is omdat rente by die huurkoopprys bygevoeg word.

**Voorbeeld:** Pablo koop 'n sitkamerstel vir R11 000. Hy voeg 'n 80%-winsgrens by. In plaas daarvan om die sitkamerstel teen 'n verkoopsprys van R19 800 te adverteer, sal Pablo dit as 'n maandelikse betaling van R1 980 vir twaalf maande adverteer.

[Bron: <https://www.vukuzenzele.gov.za/hire-purchase-can-double-cost-things-be-careful-credit>]

IEB Copyright © 2020

**Inligting om Vraag 3.6 te voltooi:** Foute en weglatings is aangetref toe die krediteure-versoening opgestel is.

The Polka Dot Chair het die volgende faktuur van een van hul verskaffers ontvang:

**Leather Worx**

Staat no.: 57

Misty Heights 18
Windy Boulevard
0499

Datum: 30 November 2020

| Datum | | Transaksies | Debiet | Krediet | Saldo |
|---|---|---|---|---|---|
| Aug | 9 | Faktuur 32 | 43 200 | | 43 200 |
| | 11 | Kredietnota 9 | | 7 500 | 35 700 |
| Sept | 23 | Faktuur 35 | 55 650 | | 91 350 |
| Okt | 1 | Tjek 63 | | 36 750 | 54 600 |
| | | Korting | | 750 | 53 850 |
| | 18 | Faktuur 40 | 63 700 | | 117 550 |
| Nov | 4 | Faktuur 45 | 101 340 | | 218 890 |
| | 20 | Tjek 98 | | 54 537 | 164 353 |
| **Bepalings:** | | Korting van 2% indien faktuur binne 60 dae van die datum van aankoop betaal word. | | | |

Die volgende foute en weglatings is ontdek toe die staat van Leather Worx met die Krediteuregrootboek van The Polka Dot Chair vergelyk is:

- Daar is ontdek dat kredietnota 9 verkeerd opgeteken is op die staat van Leather Worx. Die korrekte bedrag is R5 700.
- Faktuur 40 is verkeerd opgeteken op die staat. Die korrekte bedrag is R67 300.
- Faktuur 45 is nie aan The Polka Dot Chair uitgereik nie, maar aan die Polar Bear Club.
- Die korting ten opsigte van tjek 98 wat op 20 November betaal is, is weggelaat op die staat.

**Inligting om Vraag 3.7 te voltooi:** Hieronder is The Polka Dot Chair se bankversoening-staat wat op 30 November 2020 opgestel is.

Bankversoeningstaat op 30 November 2020

| | | |
|---|---|---|
| Kredietsaldo volgens bankstaat | | 12 766 |
| Uitstaande deposito's: | (5 November) | 27 890 |
| | (30 November) | 31 475 |
| Uitstaande tjeks: | No. 54 (5 Mei 2020) | 22 500 |
| | No. 92 (2 Augustus 2020) | ?? |
| | No. 98 (20 November 2020) | 54 537 |
| | No. 99 (18 Desember 2020) | 62 426 |
| Kredietsaldo volgens die bankrekening | | 104 032 |

**Let wel:** Tjeks 98 en 99 is albei aan Leather Worx uitgemaak en op 20 November 2020 aan hulle gegee.

IEB Copyright © 2020